

2026.10.14

NOTULE van die Algemene Jaarvergadering van Eden Tweekamp wat gehou is op Woensdag 14 Oktober 2026 om 18:00 via MS TEAMS.

Link: Dave vd Walt invited you to a Microsoft Teams Meeting:

EDEN BIATHLON AGM 2026

Wednesday, 14 October 2026

17:30 - 20:00 (SAST)

Meeting link: [EDEN BIATHLON AGM 2026 | Microsoft Teams | Meet-up-Join](#)

- 1 **Opening en verwelkoming** : Die voorsitter, Stephnie McKay, heet almal welkom en bedank hulle vir die tyd wat hulle aan Eden Tweekamp afstaan.
- 2 **Presensie**: S. McKay, D van der Walt, M Roos, L Fourie. M Kotze, L Robinson, V Roos, W Small. Annelien Grabe kon nie konnek nie.
- 3 **Finalisering van sakelys**: Horlosie hardloop – Marsel Roos.
- 4 **Goedkeuring van vorige notule** Voorsteller: M Kotze Sekondant: M Roos.
- 5 **Sake uit die notule**: Geen
- 6 **Voorsittersverslag** [aangeheg] – Stephnie McKay lewer uitreksels uit haar uiters volledige verslag wat vroeër aan al die lede gesirkuleer is. Sy verwys veral na die hoogtepunte asook die uitdagings. Eenparig aanvaar.
- 7 **Finansiële verslag** [aangeheg] – Dave van der Walt, waarnemende tesourier, lê die geouditeerde finansiële verslag voor wat ook vooraf aan die lede gesirkuleer is. Eden Tweekamp beleef tans 'n goeie finansiële tydperk mer gesonde reserwes. Daarom is aanbeveel dat die huidige affiliasie- en registrasiegeldes dieselfde bly as in 2025/26. Die 2028 SA Kampioenskappe is aan Kimberley toegeken en gaan heelwat onkoste meebring. Die afgelope 2 SA Kampioenskappe het heelwat gehelp om die finansiële posisie te versterk. Die state word aanvaar. Voorsteller: L Robinson. Sekondant: M Roos.
- 8 **Affiliasie [R100] en lisensiering [R150] - 2026/27**: Word aanbeveel dat dit netso bly. Eenparig. **[NB Skole/Klubs MOET voor die AJV hulle affiliasie betaal om toegelaat te word om deel te neem aan die AJV.]**
- 9 **Verslag : SA Kampioenskappe 2026** - Marsel Roos [spanbestuurder] lewer 'n verslag en noem dat Eden 7 medaljes gewen het en dat Eden skole uitstekend gevaar het Marsel Roos [10jaar] en Mandy Wallace [20jaar] is vereer vir hul deelname aan die aantal jare se SA's. Eden is 3de in die Junior afdelings en 4de in die Senior afdeling en 4de in die spankompetisie. Magdel noem dat by groot byeenkomste dalk meer spanbestuurders moet optree. Daar is ook 'n gevoel dat Eden se opkoms by HG en SA's veels te wense is. Daar sal weer pogings aangewend word om hulle daar te kry.
- 10 **Ontwikkeling: Gestremde atlete** – Dave van der Walt rapporteer dat daar tans hard gewerk word om gestremde atlete akkommodeer en word daar uitgereik na Eljada, Carpe Diem en ook Up The Downs. Gestremde atlete bly belangrike vir die interprovinsiale & nasionale kompetisies. Daar word ook met DCAS onderhandel vir spesifieke befondsing hiervoor.
- 11 **Skolekompetisie**; Eden se skolekompetisie is gesond en word bewys deur die goeie uitslae op provinsiale & nasionale uitslae word hulle baie podiumplekke beklee.
- 12 **Webtuiste, Facebookblad en Whatsapp-groep**: Eden Tweekamp se kommunikasiekanale werk baie goed en word die webtuiste as van die leidende webtuiste vir tweekamp beskou. Ouers word aangemoedig om almal op die Whatsappgroep in te skakel vir eerstehandse inligting en nuus. Magdel noem dat daar ook gekyk moet word na ander programme wat meer bied. Sal met strategiese indaba bespreek word.
- 13 **Toekomsbeplanning – Eden Tweekamp**: Eden Tweekamp groei sterk en die getalle bly in die omgewing van 300+. Tans is Eden Tweekamp tans 4de gerank in die land. Die grootste uitdagings lê egter op die terreine van beampstes, bestuurslede en fasiliteite.
- 14 **BYEENKOMSTE**
 - 14.1 Vrystaat Interprovinsiaal 2026 Bloemfontein 3 Okt 2026

- 14.2 OP Interprovinsiaal 2026 Gqeberha 31 Okt 2026
14.3 HIGHGATE Interprovinsiaal 2027 Oudtshoorn 6 Febr 2027
14.4 SA Kampioenskappe 2027 Oudtshoorn 31 Mrt – 3 Apr 2027 Dave
verduidelik die datum aanpassing.
- 14.5 Registrasie en inskrywings – atlete moet voor deelname registreer. Tans al 142 geregistreer. Magdel noem dat die Ninja-stelsel van Jakhals Events oorweeg moet word. Sal ook ondersoek word.
- 15 **DATUMBEPALINGS 2026/27** [sien aanghegte skrywe] – vir goedkeuring. Eenparig aanvaar.
- 16 **Administrasiekoste** – Operasionele Bestuurder – word voorgestel dat dit verhoog word van R3500 na R4000 en dat die Voositter se honorarium dieselfde bly. Eenparig aanvaar.
- 17 **NUWE PROGRAM** – aanpassings, inskrywings, uitslae – aangepaste 1000-punt standaard is opgestel wat ook die punt vir die 25m swembad aandui.
- 18 **Kleurebestellings** – Magda Kotzé – Vulcano Sportwear hou pryse dieselfde as 2026. Afsny datum sal Vrydag na byeenkoms wees. Verlang egter hulp met verpakking en uitdeel.
- 19 **Ouditeure** – Lamprecht & Meyer tans en lewer goeie werk. Word voorgestel dat hulle weer aangestel word. Eenparig aanvaar.
- 20 **Aanbied van SA Kampioenskappe 2027** – Dave van der Walt rapporteer dat die proses in volle swang is – LOC het al 2 keer vergader. Dit is die 50^{ste} SA Kampioenskappe. Die rede vir die aanpassings van die datum na 31 Maart – 3 April 2027 is om tegniese redes met die befondsing deur DCAS se finansiële jaareinde.
- 21 **Verkiezing: Bestuur:** Weens die swak nominering vir vakante bestuurposte is daar geen verkiesing nie. Al die bestaande lede wat aangedui het dat hulle beskikbaar is, is weer benoem terwyl by die ander vakante poste wel in elkeen iemand benoem is. Die nuwe bestuur vir die volgende termyn is:
- | | |
|------------------------------------|--------------------------------|
| Voorsitter | Stephnie McKay |
| Vise-Voorsitter 1 | Marsel Roos |
| Vise-Voorsitter 2 | Leana Robinson |
| Operasionele Bestuurder | Dave van der Walt [waarnemend] |
| Tesourier | Dave van der Walt [waarnemend] |
| Addisionele Lid – Ontwikkeling | Mariano Eesau |
| Addisionele Lid – Digitaal & Klere | Magdel Kotze |
| Addisionele Lid – Knysna | Vicky Roos |
| Addisionele Lid – George | Wian Small |
| Addisionele Lid – Mosselbaai | Lou-Let Fourie |
| Addisionele Lid – Oudtshoorn | Stephnie McKay |
| Addisionele Lid – Hessequa | Leana Robinson |
| Addisionele Lid – Skole | Ilonka Kleyn |

22.1 Horlosie Hardloop – Marsel Roos – verneem oor die reëlins. Stephnie verduidelikdat dit wel opgeneem sal word my SA Bestuur. Eden Tweekamp steub dit nie.

Vergadering verdaag om 19:23



Dave van der Walt
Operasionele Bestuurder



Stephnie McKay
Voorsitter